KING IV OPSOMMING VAN BEGINSELS

Leierskap, Etiek en Korporatiewe Burgerskap
Strategie, Prestasie en Verslagdoening
Bestuursstrukture en Delegasie
Bestuur: Funksionele Areas
Belanghebbendes

Leierskap, Etiek en Korporatiewe Burgerskap	
1.	Die beheerliggaam moet eties en doeltreffend leiding neem
2.	Bestuur die etiek van die organisasie op so ‘n wyse dat dit die vestiging van ‘n etiese kultuur ondersteun
3.	Verseker dat die organisasie gesien word as ‘n verantwoordelike korporatiewe burger

Strategie, Prestasie en Verslagdoening	
4.	Die beheerliggaam moet insien dat die organisasie se kerndoel, risiko's en geleenthede, strategie, sakemodel, prestasie volhoubare ontwikkeling onlosmaaklik deel is van die waardeskeppingsproses
5.	Die beheerliggaam moet verseker dat verslae wat deur die organisasie uitgereik word, die belanghebbendes in staat sal stel om op 'n ingeligte wyse die organisasie se prestasie te evalueer ooreenkomstig die kort-, medium- en langtermyn vooruitsigte

Bestuursstrukture en Delegasie	
6.	Die beheerliggaam moet die fokuspunt en bewaarder wees van die korporatiewe bestuur binne die organisasie
7.	Die beheerliggaam moet saamgestel word uit toepaslike balans van kennis, vaardighede, ondervinding, diversiteit en onafhanklikheid sodat dit sy bestuursverpligtinge en verantwoordelikhede objektief en doeltreffend kan nakom
8.	Die beheerliggaam moet verseker dat die reëlings vir delegasie binne sy eie strukture bevorderlik is vir onafhanklike beoordeling en bydra tot die magsbalans en die doeltreffende nakoming van verpligtinge
9.	Die beheerliggaam moet verseker dat die evaluering van sy eie prestasie en komitees, die voorsitter en lede, voortgesette verbetering en doeltreffendheid bevorder
10.	Die beheerliggaam moet verseker dat die aanstelling van, of delegasie aan die bestuur bydra tot rol duidelikheid en doeltreffende uitoefening van gesag en verantwoordelikhede

Bestuur: Funksionele Areas	
11.	Die beheerliggaam moet **risiko's** bestuur op 'n manier wat die organisasie steun in die bereiking van sy strategiese doelwitte
12.	Die beheerliggaam moet **tegnologie en inligting** bestuur op 'n manier wat die organisasie steun in die bereiking van sy strategiese doelwitte
13.	Die beheerliggaam moet **nakoming** wat wette, reëls, kodes en standaarde bestuur op 'n manier wat die organisasie in staat stel om 'n etiese en goeie korporatiewe burger te wees
14.	Die beheerliggaam moet verseker dat die organisasie se **vergoeding** regverdig, verantwoordelik en deursigtig is om sodoende die bevordering te bewerkstellig van strategiese oogmerke en positiewe uitkomste op die kort-, medium- en langtermyn
15.	Die bestuursliggaam moet versker dat **kontroles** en funksies doeltreffend kan beheer vir die integriteit van inligting vir interne besluitneming en eksterne verslagdoening

Belanghebbendes	
16.	In die uitvoering van sy bestuursrol en verantwoordelikhede, moet die beheerliggaam ‘n benadering volg wat belanghebbendes insluit, en die behoeftes, belange en verwagtinge van wesenlike belanghebbendes in die organisasie balanseer